

# Met Christus Gekruisig

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B285b

Skriflesing uit: Rom.6:1-23

Kernvers: 11 – ‘So moet julle ook reken dat julle vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.’

Dit het tyd geword dat ons ons Christelike geloof aan die wêreld sal demonstreer. Ons leef in ernstige tye en dis ‘n ernstige boodskap wat ek vir u het geliefdes.

Ons sê dat ons verlos is van die sonde, maar as ons generaal die Here Jesus vir ons sou sê: nou maar bring jou sonde dan na My toe, maar ons sê: die sonde wil nie saamkom nie; en die Here sê: maar kom jy dan na My toe en ek sê: ek is jammer want die sonde wil my nie laat gaan nie. Ek het dus nog iets wat oor my heers; ek is nie baas oor die sonde nie!

Wat dan van my heiligmaking? Die oorwinningslewe wat ek behoort te lewe? Sodat wanneer ek voor die wêreld leef hulle sal sê: ‘Ek wil ook graag hê wat jy het.’

Daarom kan ons nie tevrede wees met ‘n sondige onvolmaaktheid waar die sonde my baas is nie. Want daar is oorwinning vir u en vir my in Christus Jesus. Dit is dus nodig vir ons in hierdie tyd om die oorwinningslewe wat Christus vir ons moontlik gemaak het, te lewe!

Ons wat die sonde afgelê het, hoé kan ons nog daarin lewe? Is u nog ‘n slaaf van self en inwonende sonde? Jakobus praat van die dubbelhartige man wat onbestendig is in al sy weë. Jak 1:8

As die Here Jesus ons dan roep tot ‘n heilige lewe dan sal Hy ook vir ons die krag daartoe gee. Paulus praat egter van die wil om goed te doen maar dan staan die kwade hom by en dit wat hy wil doen, doen hy nie en dit wat hy nie wil doen nie, dit doen hy. ‘Ek ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?

Geliefdes, u het sekerlik ook al só geworstel en selfs geweën oor u onvermoë om vir Christus te lewe? U het uself heelmoontlik ook al verag omdat u dit nie regkry nie.... Moet dit dan so wees? Maar self kan nie self uitdryf nie; in eie krag sal u dit nooit regkry nie.

Ons moet loskom van ‘self’ – ons moet ons eie sonde en onvermoë gevange neem in Jesus Christus en dit na Hom toe bring en dáár is Hoop! Jesus is ons Hoop!

Wanneer ‘n mens op jou desperaatste is dan is die uitkoms net om die draai.